
# Ben en Boet
# 4



# *Ben en Boet*
# *4*

1. Plaas toe……………………………………………1

2. Die nuwe draadkar…………………………5

3. Die kuikentjies………………………………9

4. Bennie en die ape…………………………13


5. Paaie in die veld……………………………18

6. Die lorrie………………………………………25

Hierdie boek behoort aan……………………….

Storie deur Fiona Hobson 2013. Tekeninge deur Heather Oberholzer.
Prente van honde geleen uit 'Jock of the Bushveld'.

# Plaas toe




Die skool het gesluit vir die vakansie, en Ben en Boet is baie bly. Hulle gaan saam plaas toe.

Boet se ouers bly op 'n plaas. Gedurende die skoolkwartaal bly Boet by sy ma se suster in die dorp, maar nou gaan hy huis toe, en Ben gaan saam.

Boet voel baie opgewonde. Hy is altyd bly as Ben saam met hom plaas toe kom.

Sy ma, Hester, is by die huis toe hulle daar aankom. Sy is bly om hulle te sien. Boet se pa, Dawid, is nie daar nie, want hy is besig in die veld.




Boet se hond Bennie hardloop na hulle toe. Hy is 'n jong vaal hond wat net soos Ben se hond Witvoet lyk, maar sonder 'n wit voet.

"Hello Bennie!" sê Ben. "Kyk hoe groot is jy nou!"

“Ja,” lag Boet, “hy was net ’n klein hondjie toe jy hom vir my gegee het.  Hy het mooi gegroei.”

Ben lag en vryf die hond se kop.

“Bennie!” sê hy.  “Jou woelige ding! Jy’s ’n mooi vriendelike hond. As jou ma jou nou kon sien sou sy baie trots op jou wees!”




Hulle lag.  Boet is bly dat Ben vir hom een van Witvoet se hondjies gegee het.

Hester gee hulle iets om te eet. Dit is lekker,

maar hulle eet haastig, want daar is iets belangrik wat hulle wil doen. Hulle het planne vir hierdie vakansie.

Daar is 'n plek naby die skuur waar ou stukke draad lê. Boet se pa het gesê dat hulle stukkies draad daar mag gaan soek.

Ben en Boet het groot planne vir hierdie vakansie. Hulle wil 'n nuwe soort draadkar maak. Hulle wil 'n lorrie maak, 'n lang, groot lorrie, die beste draadkar wat hulle al ooit gemaak het. En hulle wil dadelik begin.



# Die nuwe draadkar




Ben en Boet sit op die gras onder 'n boom naby Boet se huis. Voor hulle lê al die stukkies ou draad wat hulle versamel het om die nuwe draadkar te maak.


'n Mens kry verskillende soorte draad. Dik draad, dun draad, draad wat kan buig, en draad wat nie maklik buig nie. Om 'n draadkar te maak moet 'n mens baie verskillende soorte draad gebruik.

Ben en Boet begin om hul lorrie te bou. Stadig en versigtig werk hulle met die draad. Hulle knip en buig die dik sterk draad, en bind alles vas met stukkies dun draad wat hulle om en om moet draai. Hulle gebruik weer 'n tang. Dié keer is dit Boet se pa se tang.


Soos tevore sit 'n hond by hulle – die keer is dit Bennie wat daar langs hulle onder die boom sit.



Vir die lang kante van die lorrie het hulle lang stukke dik draad nodig, lengtes wat heeltemaal reguit moet wees. Hulle maak die draad eers met die hand reguit, en dan gebruik hulle 'n hamer om dit meer reguit te slaan. Hulle lê die draad op 'n groot plat klip en slaan dit met die hamer.



Die hond kyk alles wat hulle maak. Elke nou en dan praat Boet met Bennie, en vryf sy kop.



Voor die huis pik daar 'n paar hoenders. 'n Groot bont haan loop tussen die henne rond. Ben sien dat die hoenders hulle nie aan Bennie steur nie.

Hulle loop en pik naby hom. Hulle is nie bang vir die hond nie.

"Hoekom jaag Bennie nie die hoenders nie?" vra Ben.

"My pa is goed met honde," sê Boet. "Hy het hom geleer om gehoorsaam te wees. Hy het hom geleer dat hy nie die hoenders mag jaag nie. Hy wil, maar hy weet hy moenie."

Ben en Boet gebruik dik draad om die bak van hul lorrie te maak. Hulle wil 'n lang diep bak bou. Dit moet ook sterk wees. Hulle weet presies hoe hierdie draadkar moet lyk. Hulle voel opgewonde oor hierdie groot lorrie.

# Die kuikentjies

Ben is besig om 'n stuk draad te knip toe hy 'n snaakse geluid hoor. Hy kyk op. Daar langs die huis sien hy 'n hoenderhen. Dis sy wat daardie snaakse geluid gemaak het. Sy lyk baie vet. Ben het nooit tevore 'n hoenderhen gesien wat so vet lyk nie. Sy sit stil, sy lyk so vet en rond soos 'n groot bondel vere.

"Kyk daardie hoender," sê Ben vir Boet. "Sy lyk so snaaks."


Boet kyk. "Ek ken daardie ene," sê Boet. "Sy is broeis. Sy het 'n nes vol eiers daar agter die huis, onder die bos."

Terwyl hulle die vet hoender kyk, beweeg haar vere effens. Dit lyk asof iets lewendig tussen haar vlerke wegkruip.

Ben en Boet sit en kyk. Vir 'n oomblik word die draadkar vergeet. Die tang en die hamer lê stil.

Die vet hoender maak weer daardie snaakse geluid in haar keel, en beweeg effens vorentoe. Skielik kan Ben sy oë nie glo nie. Dit lyk asof die hen ontplof het!

Onder uit haar vlerke hardloop daar klein diertjies uit, 'n hele klomp klein geel diertjies met kort beentjies wat vinnig hardloop.




"Kuikentjies!" lag Boet. "Sy het haar eiers uitgebroei!"

"Hulle's baie!" sê Ben. Hy lag ook, want hy is so verbaas.

Die kuikentjies is baie mooi. Hulle klein beentjies beweeg blitsvinnig onder hulle sagte klein lyfies terwyl hulle op en af hardloop.

Die hoenderhen pik die grond, en krap met haar poot. Sy maak weer 'n snaakse geluid in haar keel. Die kuikentjies kom kyk waar sy pik. Dit lyk asof die hoenderhen haar kleintjies leer hoe om te pik.



Bennie tel sy kop op en kyk na die kuikentjies.

"Hulle's oulik, né Bennie!" lag Boet. "Hulle ma praat met hulle! Sy kloek vir die kuikentjies."

Die hoenderhen sien dat die hond haar kleintjies kyk. Sy maak weer 'n snaakse geluid, en dadelik hardloop al die klein geel kuikentjies na haar toe. Hulle duik onder haar vlerke in en verdwyn.

Ben en Boet lag.

"Sy lyk nou weer net soos 'n vet hoender wat in die son sit," sê Ben. " 'n Mens sal nooit weet daar's kuikentjies onder haar vlerke nie!"

Hulle vat weer die tang en die hamer en werk in die skaduwee onder die boom. Die draad word geknip en geslaan, gebuig en gedraai. Stadig en doelgerig werk Ben en Boet aan hulle nuwe draadkar.

# Bennie en die ape

Ben en Boet is in die veld.  Hulle het vir Hester hout gaan haal.  Nou is hulle reg om huis toe te gaan, maar hulle rus eers 'n bietjie.



Die son is warm.  Hulle sit onder 'n boom.  Langs hulle lê die bondels hout wat hulle bymekaar gemaak het.


Daar is geen wind nie.   Die dag is baie warm en

stil, maar dis lekker koel in die skaduwee onder die boom.

Bennie is ook daar. Hy het saam met hulle veld toe gegaan. Nou lê hy met sy neus op sy pote en wag.



Skielik tel hy sy kop op. Hy het iets gesien. Hy kyk na 'n ander boom 'n entjie weg.




"Wat is dit, Bennie?" vra Boet. "Sien jy iets?"

Bennie staan op. Hy kyk nog na die boom. Ben en Boet kyk ook.


Daar ver in die veld staan 'n boom met klein groen blare.  Bo-op die boom bewe een van die boom se takke.  Daar is iets in die boom.

Dis iets klein en rond en grys, met 'n donker gesig.   Die gesig van 'n aap!

"Dis 'n aap, Bennie!" lag Boet.  "Hy kyk vir ons. Gaan jaag hom weg!



Bennie hou baie daarvan om ape weg te jaag. Hy spring weg.



Die gesig in die boom verdwyn. Die hele boom bewe. Die boom is vol ape! Daar gaan hulle!

Bennie is baie vinnig, maar die ape is te vinnig vir hom. Hy hardloop agter hulle aan, en blaf en blaf. Ben en Boet sien net stof en sterte.

Die ape is almal gou weg. Bennie kom terug.

"Was dit lekker, Bennie?" lag Boet. "Was dit lekker om die ape weg te jaag?"

Die hond se tong hang uit. Hy lyk asof hy glimlag.

Hy kom staan langs Boet in die skaduwee onder die boom.

Boet lag en vryf sy kop.

"Jy's 'n goeie hond, Bennie!" sê hy. "Nes jou ma!"

Ben en Boet lag saam.



## Paaie in die veld

Ben en Boet stap huis toe en sit hul bondels hout op die houtplek neer. Dadelik soek hulle die tang, want hulle wil graag die groot lorrie klaarmaak. Maar die tang is weg.


Boet se ma verduidelik vir hom dat sy pa, Dawid, die tang geneem het. Hy moes dit neem om 'n draad in die veld te gaan regmaak. Ben en Boet moet vir hom wag om terug te kom voordat hulle verder op die nuwe draadkar kan werk.

Hulle voel baie teleurgesteld. Dit is moeilik om geduldig te wees as jy haastig is om iets klaar te maak.

Gelukkig het hulle hul ou draadkarre saam plaas toe gebring. Hulle neem die ou karre en begin om op en af op die kaal grond voor die huis met die karre ry.

Die hoenders hou nie daarvan nie, en hardloop

weg. Bennie lê onder die boom en kyk.




Ben en Boet raak gou verveeld om so op en af te ry.

"Ek het 'n plan," sê Boet. "Kom ons maak veldpaaie vir ons draadkarre."

Die veld begin agter die huis. Klein gryse karoobossies, polle droë gras, enkele doringbosse en pruimbome groei daar op die klipperige grond.

Boet neem sy ma se besem, en begin om 'n paadjie tussen die klein karoobossies oop te vee.

Na 'n rukkie kom Hester by die voordeur uit, op



soek na haar besem. Sy sien dat die seuns dit geneem het.   Sy sien dat hulle haar huisbesem in die veld naby die huis gebruik.


“Boet!” roep sy, “Nee!  Wat maak julle met my besem?”

Boet bring dit terug en verduidelik vir sy ma dat hulle paaie vir die draadkarre wil maak.

Hester skud haar kop.  “Daardie besem van my gaan seerkry.  Kry vir julle liewers iets anders om paadjies te maak.  Iets sterker.”

Ben en Boet weet nie wat om te maak nie.  Toe onthou hulle dat daar ’n hoop ou ysterplate

agter die skuur lê. Hulle weet hulle mag 'n paar ou stukke gebruik. Hulle hardloop gou daarna toe, en kies vir hulle twee stukke ysterplaat wat net die regte breedte is om paaie vir die draadkarre te skraap.



Tussen die karoobossies en polle droë gras is daar net kaal grond en klippe. Ben en Boet vat die stukke ou ysterplaat en begin om paaie vir die draadkarre oop te skraap. Bennie loop agter hulle aan. Hy verstaan nie wat hulle maak nie, maar hy wil by hulle wees.

Hulle maak paaie met draaie, paaie wat lank en reguit is, en paaie met draaiplekke vir die

draadkarre. Die paaie kruis oor mekaar hier en daar, en Ben en Boet lag baie.

Tussen die klein karoobossies en die veldbome, tussen die aalwyne en die rotse van die veld, loop die nuwe paaie soos lang stofslange op die grond.




Ben en Boet vee die klippies uit die pad, met die stukke ysterplaat. Die klippe lyk mooi waar hulle in lang rye langs die paaie lê.

Die dag is warm.  Boet staan en rus vir 'n oomblik toe hy skielik iets sien.  Dis 'n akkedis wat op 'n rots sit.

"Kom kyk hierso, Ben!" roep hy.  Ben en Bennie kom kyk.

Die akkedis sit doodstil in die lekker warm son. Hy is bruin, die selfde kleur as die klip waarop hy sit.




"Hy dink hy's onsigbaar!" sê Ben.   "Hy dink ons

kan hom nie sien nie omdat hy so stil sit."

Bennie kom nader om die akkedis te snuif, en dadelik wip die klein diertjie weg, so vinnig dat dit lyk asof hy een oomblik daar was en dan net heeltemaal verdwyn het.

Ben en Boet lag en gaan aan met padbou.

"Ons paaie moet wyd genoeg vir die groot lorrie wees," sê Boet, terwyl hy werk. Hy dink baie aan daardie groot lorrie. Hy wil dit baie graag klaarmaak, maar hulle moet wag dat sy pa terug huis toe kom. 'n Mens kan nie sonder 'n tang 'n draadkar maak nie.



# Die lorrie

In die laat middag kom Ben en Boet huis toe. Ben sien onmiddelik dat oom Dawid op die stoep sit.

“Jou pa het huistoe gekom!” sê hy opgewonde vir Boet. Hulle is bly want hulle weet dat die tang ook nou daar sal wees.


Hulle groet Boet se pa, en hy glimlag toe hy die tang vir hulle gee. Hy weet hulle is gretig om dit te gebruik.

Ben en Boet gaan sit op die gras onder die boom, voor die huis. ’n Klomp verskillende stukkies draad lê langs hulle, asook die plat klip en die hamer. Die hond is ook daar by hulle, die hoenders ook, maar Ben en Boet sien niks behalwe hulle groot lorrie nie. Die lorrie is amper klaar.

Hulle hamer en knip en buig die dik sterk draad

totdat hulle hande seer raak.  Hulle bind alles vas met stukkies dun draad wat hulle om en om moet buig.  Hulle maak seker dat die wiele en asse maklik draai.  Hulle maak die lang draad na die stuurwiel toe vas.

Die lorrie is klaar.  Dit het 'n lang diep bak wat nie karton nodig het nie.  Ben en Boet het dit met draad sterk gemaak.  Hulle sal enigiets daarin kan laai.



Ben en Boet toets die nuwe lorrie op die kaal werf. Die wiele draai mooi. Alles werk reg. Hulle is nou baie opgewonde om die lorrie op hul nuwe veldpaaie te ry.

"Jy kan die lorrie eerste bestuur," sê Boet. "Ek sal my ou kar ry."

"Ons sal beurte neem," sê Ben.

Die son is besig om te sak toe Ben en Boet vir die eerste keer met hul wonderlike nuwe lorrie op die veldpaaie ry. Ben hou die lorrie se stuurwiel vas en begin om op die oopgeskraapte droë grond tussen die bossies en rotse te ry. Hy voel baie opgewonde.

Die nuwe lorrie ry voor die ou draadkar. Ben en Boet kan altwee sien hoe goed die lorrie lyk. Hulle ry vinniger en vinniger, en begin te hol. Die draadkarre maak draaie dat die stof in die lug hang.

Die nuwe lorrie is die beste draadkar wat Ben en Boet al ooit gemaak het.  Dis ook die beste draadkar wat hulle al ooit gesien het.

Hulle voel baie trots en baie bly.

